

EKSAMEN		NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT	
GRAAD		12	
DATUM		NOVEMBER 2025	
VAK		GEOGRAFIE	
VRAESTEL		2	
PUNTETOTAAL		150	
TYDSDUUR (UUR)		3	
AANTAL BLADSYE		19	



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** vrae.

AFDELING A:

VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS (60 PUNTE)

VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA (60 PUNTE)

AFDELING B:

VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE (30 PUNTE)

2. Beantwoord **AL DRIE** vrae.
3. Laat 'n reël oop tussen subafdelings van beantwoorde vrae.
4. Begin **ELKE** vraag bo-aan 'n **NUWE** bladsy.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
6. Beantwoord vrae in **VOLSINNE**, behalwe waar jy moet noem, benoem, identifiseer of lys. Skryf in volle sinne wanneer paragraafvrae beantwoord word.
7. Eenhede van meting **MOET** in jou finale antwoord aangedui word, bv. R10 miljard, 50 ton en 5 km.
8. Geen skaalliniale word toegelaat nie.
9. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
10. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.
11. Teken en benoem diagramme volledig indien versoek.





AFDELING B: BYKOMENDE INSTRUKSIES EN INLIGTING

12. Uittreksels van 'n 1:50 000 topografiese kaart **2929BB & 2930AA MOOIRIVIER** en 'n 1:10 000 **2929BB & 2930AA 16 MOOIRIVIER** van 'n gedeelte van die gekarteerde gebied word voorsien.
13. Die posisie van kenmerke word met alfabetiese letters **G, H, I ...** ens. op die topografiese kaart en syfers **1, 2, 3 ...** ens. op die ortofotokaart aangedui, indien van toepassing.
14. Toon alle berekeninge. Punte word toegeken vir die berekeninge/stappe en **NIE** net vir die korrekte antwoord nie. Die korrekte vervanging moet vir die gegewe formule aangedui word.
15. Gee die topografiese kaart en ortofotokaart terug aan die toesighouer aan die einde van die eksamen.




AFDELING A

VRAAG 1: NEDERSETTINGSGEOGRAFIE

1.1 Kies 'n term/konsep uit **KOLOM B** wat by die nedersetting-illustrasie in **KOLOM A** pas. Skryf slegs die letter (**Y** of **Z**) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.8 Z.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	 <p>[Bron: https://elearning.reb.rw/course/view]</p>	Y T- vorm Z Kruispad	(1x1) (1)
1.1.2	 <p>[Bron: https://geography.name/classical-central-place-theory/]</p>	Y Lineêr Z T-vorm	(1x1) (1)
1.1.3	 <p>[Bron: https://interviewmania.com/discussion]</p>	Y Landelik Z Stedelik	(1x1) (1)
1.1.4	 <p>[Bron: https://www.google.com/search?q=rundling+village&sca_esv]</p>	Y Ronde nedersetting Z Kruispad nedersetting	(1x1) (1)



<p>1.1.5</p>	 <p>[Bron: https://www.google.com/search?q=rural+settlement&sca_esv]</p>	<p>Y Gehuggie</p> <p>Z Plaashuis</p>	<p>(1x1) (1)</p>
<p>1.1.6</p>	 <p>[Bron: https://geography-revision.co.uk/wp-content/uploads/2019/05/Human-Settlements-Types-and-Patterns_3.png]</p>	<p>Y Droëpunt - nederstelling</p> <p>Z Natpunt-nederstelling</p>	<p>(1x1) (1)</p>
<p>1.1.7</p>	 <p>[Bron: Saamgestel deur eksaminator wat gebruik gemaak van dreamstime.com]</p>	<p>Y Verspreide nederstelling</p> <p>Z Kern nederstelling</p>	<p>(1x1) (1)</p>

(7x1) (7)

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae voorsien. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 D.

1.2.1 Die nedersettingshiërargie vanaf die kleinste nedersetting tot die grootste nedersetting is ...

- A konurbasie, stad, dorp, dorpie, gehuggie, geïsoleerde plaas.
- B gehuggie, geïsoleerde plaas, dorpie, dorp, stad, konurbasie.
- C geïsoleerde plaas, gehuggie, dorpie, dorp, stad, konurbasie.
- D geïsoleerde plaas, dorpie, gehuggie, dorp, stad, konurbasie. (1x1) (1)

1.2.2 ... is die hoofrede vir verstedeliking.

- A Sentralisering
- B Landelike-stedelike migrasie
- C Stedelik-landelike migrasie
- D Desentralisering (1x1) (1)

1.2.3 Die grootste uitdaging met die bestuur van verstedeliking in lande is ...

- A beperkte infrastruktuur en hulpbronne.
- B beperkte toegang tot onderwys en gesondheidsorg.
- C beskikbare behuising.
- D waterbesoedeling. (1x1) (1)


1.2.4 Die verval-/oorgangsonse verwys na die area rondom die SSK (Sentrale Sakekern) waar die SSK na die ... en lae inkomste behuisingsgebiede uitbrei deur 'n proses van ...

- i. swaar nywerheidsgebied
 - ii. ligte nywerheidsgebied
 - iii. indringing en desentralisasie.
 - iv. indringing en opvolging.
- A i en iii
 - B i en iv
 - C ii en iii
 - D ii en iv (1x1) (1)

1.2.5 Die stedelike armes ervaar NIE die uitdaging van ... NIE.

- A lae vaardighede en lae lone
- B werkloosheid
- C onbevredigende lewensomstandighede
- D gebrek aan vriende en familie (1x1) (1)

Verwys na die onderstaande diagram wat die tipiese verkeersvloei in 'n stad aandui om VRAAG 1.2.6 tot 1.2.8 te antwoord.



[Bron: <https://www.researchgate.net/figure/Typical-traffic-flow-versus-time-of-day>]

1.2.6 Watter tyd van die dag is verkeersvloei die hoogste?

- A 08:00
- B 12:00
- C 15:00
- D 17:00

(1x1) (1)

1.2.7 Hoeveel voertuie is op die pad om 07:00?

- A 30 000
- B 40 000
- C 42 000
- D 49 000

(1x1) (1)


1.2.8 Die verkeer op die paaie tussen 06:00 en 08:00 beweeg hoofsaaklik ... en tussen 15:00 en 17:00 beweeg dit hoofsaaklik ...

- A Inwaarts; uitwaarts.
- B Inwaarts; oral.
- C Uitwaarts; inwaarts.
- D Uitwaarts; oral.

(1x1) (1)

(8x1) (8)

1.3 Verwys na die kaart van die groter Johannesburg hieronder.



[Bron aangepas vanuit: <https://www.researchgate.net/figure/>]

- 1.3.1 Noem die faktor wat Johannesburg se oorspronklike ligging beïnvloed het. (1x1) (1)
- 1.3.2 a) Identifiseer die tipe nedersetting by **Z**. (1x1) (1)
- b) Gee 'n rede vir die ligging van die tipe nedersetting wat in VRAAG 1.3.2 a) geïdentifiseer is. (1x2) (2)
- 1.3.3 a) Wat is 'n oorgangstone? (1x2) (2)
- b) Waar sal jy verwag om Johannesburg se oorgangstone te vind, by **X** of by **Y**? (1x1) (1)
- 1.3.4 Soos baie Suid-Afrikaanse stede het Johannesburg se SSK verval en agteruitgang ervaar. In 'n **paragraaf van 8 tot 10 reëls**, bespreek die REDES vir hierdie verval. (4x2) (8)

(15)



1.4 Verwys na die twee uittreksels hieronder wat landelike gebiede in die Oos-Kaap vergelyk, naamlik Keiskammahoek en Thomasrivier-dorpie.

Keiskammahoek was oorspronklik 'n sentrum vir die verwerking van hout en landbou, maar hierdie bedrywighede is na nabygeleë Stutterheim verskuif. Daar was 'n sendingskool en 'n verpleegstersopleidingsentrum wat aan 'n klein hospitaal in die dorpie gekoppel was. Kerklike befondsing is onttrek en die ekonomie is nou van staatsubsidies afhanklik. Daar was die afgelope paar jaar baie diensleweringssprotesoptogte, maar geen verbeterings het plaasgevind nie. Die bevolking neem geleidelik af. Hierdie gebied het 'n hoër as gemiddelde Gini-koëffisiënt. Die vervalde toestand daarvan is 'n tragedie en 'n ontkenning van die streek se erfenis. Voorgestelde herlewingsprojekte het om verskeie redes nooit van die grond af gekom nie.

Thomasrivier-dorpie lê tussen Cathcart en Stutterheim in die Oos-Kaap. Die oorspronklike plaasgrond is in 1850 aan 'n familie, in ruil vir groente wat aan hospitale in aangrensende dorpe voorsien moes word, toegeken. Thomasrivier het 'n selfstandige dorpie geword met 'n spoorlyn na Oos-Londen wat daardeur geloop het, asook 'n algemene handelaar, poskantoor, kerk en skool. Dit het egter erg verval toe die spoorlyn 'n ent weg verskuif is.


In 2003 is die hele dorpie aan 'n privaat individu verkoop. Dit is herstel as 'n historiese plek wat akkommodasie, 'n restaurant, trou venue, sowel as drie museums, 'n biblioteek en plekke vir ander aktiwiteite soos fietsry en motorwedrenne aanbied. Dit bied nuwe sakegeleenthede vir individue en die omliggende gemeenskappe.

[Bron aangepas vanuit: Travel blog – deur Myrtle Ryan; Wikipedia; Daily Maverick]

- 1.4.1 a) Watter van die landelike nedersettings, Keiskammahoek of Thomasrivier-dorpie, het 'n dalende bevolking? (1x1) (1)
- b) Wat is volgens die artikel die hooforsaak van hierdie bevolkingsafname? (VRAAG 1.4.1 a) (1x1) (1)
- 1.4.2 Wat is die naam van die groot sentrale dorp wat albei landelike nedersettings bedien? (1x1) (1)
- 1.4.3 Watter aanduiding is daar in die artikel dat mense ontevrede was met dienslewering in Keiskammahoek? (1x2) (2)
- 1.4.4 Waarom het die Thomasrivier-dorpie ekonomies agteruitgegaan? (1x2) (2)
- 1.4.5 Noem TWEE aktiwiteite wat mense na Thomasrivier-dorpie lok. (2x1) (2)
- 1.4.6 Gebruik die inligting in die artikel om te beskryf wat in Keiskammahoek gedoen kan word om landelike bevolkingsafname en armoede om te keer. (3x2) (6)

(15)

1.5 Verwys na die grafiek en skets hieronder wat die afstand en grondwaarde wat met grondgebruiksone in die stad geassosieer word, aandui.



[Bron aangepas vanuit: <https://www.reddit.com/r/coolguides/comments/cahyqn/>]

- 1.5.1 a) Watter een van die areas **A**, **B**, **C**, **D** of **E** het die hoogste grondwaarde? (1x1) (1)
- b) Gee TWEE redes waarom die grondwaarde in die area wat in VRAAG 1.5.1 a) geïdentifiseer is hoog is. (2x1) (2)
- 1.5.2 Waarom daal grondwaardes hoe verder jy van die stad se middelpunt beweeg, soos in die grafiek aangedui? (2x2) (4)
- 1.5.3 Is die nywerheid wat by **B** gevind word 'n swaar of ligte nywerheid? (1x1) (1)
- 1.5.4 a) Gee 'n bewys wat aandui dat die landelik-stedelike oorgangsonne (randgebied) by **E** is. (1x1) (1)
- b) Beskryf DRIE kenmerke van die landelik-stedelike oorgangsonne (randgebied). (3x2) (6)

(15)

TOTAAL VRAAG 1: [60]



VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE

2.1 Verskeie opsies word voorsien as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.8) in die ANTWOORDBOEK, byvoorbeeld 2.1.9 D.

2.1.1 ... is voorbeelde van aktiwiteite in die primêre sektor.

- A Bankdienste, versekering, beleggingsbestuur
- B Motormontering, tekstielproduksie, elektronika
- C Sagteware-ontwikkeling, data-ontleding, kuberveiligheid
- D Vissery, bosbou en mynbou (1x1) (1)

2.1.2 Die proses waardeur besighede in dieselfde nywerheid saam in een geografiese area vestig, staan bekend as ...

- A agglomerasie.
- B sentralisering.
- C desentralisering.
- D verstedeliking. (1x1) (1)

2.1.3 Die deel van die ekonomie wat nie vir belasting gereguleer of geregistreer is nie, is die ... sektor.


- A primêre
- B formele
- C tersiêre
- D informele (1x1) (1)

2.1.4 Eskom is deel van die ... nywerheid.

- A primêre
- B sekondêre
- C tersiêre
- D kwaterneêre (1x1) (1)

- 2.1.5 Die Bruto Nasionale Produk (BNP) van Suid-Afrika verwys na die ...
- A waarde van goedere en dienste wat in een jaar in Suid-Afrika vervaardig word.
 - B totale waarde van goedere en dienste wat in een jaar deur 'n land vervaardig word, insluitend buitelandse verdienste.
 - C bydrae van Suid-Afrika se nege provinsies tot die BBP in een jaar.
 - D finansiële verklaring wat die waarde van Suid-Afrika se handel met die res van die wêreld aandui. (1x1) (1)
- 2.1.6 Handel is belangrik vir die Suid-Afrikaanse ekonomie omdat dit ...
- A omgewingsonregte aanspreek.
 - B werk verskaf.
 - C lewenstandaarde verlaag.
 - D ekonomiese groei vertraag. (1x1) (1)
- 2.1.7 Suid-Afrika se informele sektor ...
- i. stel die grootste aantal mense in die land in diens.
 - ii. betaal nie inkomstebelasting nie.
 - iii. funksioneer slegs op straatsypaadjies.
 - iv. verskaf toegang tot goedere en dienste aan gemeenskappe wat moontlik nie toegang tot formele kleinhandelopsies het nie.
- A i en ii
 - B ii en iii
 - C ii en iv
 - D i en iii (1x1) (1)
- 2.1.8 Voorbeelde van waarde-toegevoegde produkte is:
- i. mielies
 - ii. wyn
 - iii. vrugte
 - iv. suiker
- A i en ii
 - B ii en iii
 - C ii en iv
 - D i en iii (1x1) (1)
- (8x1) (8)


2.2 Die prente hieronder toon klein- en grootskaalse boerdery. Pas die beskrywings hieronder by prente **A** en **B**. Skryf slegs A of B langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.7) in die ANTWOORDBOEK, byvoorbeeld 2.2.8 B.



[Bron aangepas vanuit: <https://www.sciencedirect.com/science/article/pii/S2950476724000072>]

- | | | |
|-------|---|------------------|
| 2.2.1 | Siektes kan makliker 'n hele oes uitwis | (1x1) (1) |
| 2.2.2 | Skep verlies aan biodiversiteit | (1x1) (1) |
| 2.2.3 | Verminder armoede | (1x1) (1) |
| 2.2.4 | Lae vlakke van meganisasie | (1x1) (1) |
| 2.2.5 | Hoër doeltreffendheid | (1x1) (1) |
| 2.2.6 | Hoër gewasdiversiteit | (1x1) (1) |
| 2.2.7 | Hoër produktiwiteit | (1x1) (1) |
| | | (7x1) (7) |

2.3 Verwys na die grafiek en uittreksel hieronder oor Mielieboerdery in Suid-Afrika.



[Bron: <https://sagl.co.za/wp-content/uploads/MOPage-5.pdf#:~:text=The%20major%20commercial%20maize-producing%20provinces>]

- 2.3.1 Watter persentasie dra die drie hoof mielieproduserende gebiede by tot die totale produksie in Suid-Afrika? (1x1) (1)
- 2.3.2 a) Watter van hierdie provinsies het die hoogste opbrengs per hektaar? (1x1) (1)
- b) Gee 'n klimaatsrede vir die hoogste opbrengs (VRAAG 2.3.2 a). (1x2) (2)
- 2.3.3 Watter provinsie verbou hoofsaaklik geel mielies? (1x1) (1)
- 2.3.4 Waarom is die Wes-Kaap so 'n lae mielieprodusent? (1x2) (2)
- 2.3.5 Watter provinsie het die grootste afname in produksie tussen die seisoene 2016/2017 en 2017/2018 gehad? (1x2) (2)
- 2.3.6 Bespreek die ideale toestande in die Vrystaat, Mpumalanga en Noordwes wat nodig is vir die suksesvolle produksies van mielies. (3x2) (6)

(15)



2.4 Verwys na die infografika hieronder oor Mynbou in 2022.

Een van Suid-Afrika se grootste werkgewers is besig om in duie te stort.


Mynbou in Suid-Afrika se mineraalryke landskappe bly steeds van kardinale belang vir die land se ekonomie en mense se bestaan; die sektor is deur beduidende uitdagings belemmer. 'n Onlangse opname het Suid-Afrika laag gegradeer in terme van beleggingsaantreklikheid vir mynbou-ontginning weens ekonomiese onsekerheid.



Uitdagings in die sektor sluit die volgende in:

- Die direkte bydrae van mynbou tot Suid-Afrika se bruto binnelandse produk (BBP) het met 12% gedaal na R425,6 miljard, en die persentasiebydrae tot die BBP het van 7,3% na 6,2% afgeneem.
- Mineraaluitvoere het met meer as 11% gedaal na R781,6 miljard.

Werksverliese is onvermydelik met die edelmetaal- en mynboumaatskappy Sibanye Stillwater wat oor die afgelope jaar en 'n half reeds 11 000 poste gesny het. Impala Platinum het ook gewaarsku dat verdere werksverliese moontlik is om koste te verlaag.



[Bron aangepas vanuit: <https://africanarguments.org>]

- 2.4.1 Gee die bydrae van mynbou tot die bruto binnelandse produk (BBP) van Suid-Afrika in R-miljard in 2022. (1x1) (1)
- 2.4.2 Gedurende watter tien jaar (dekade) was minerale verkope (produksie) op hul hoogste? (1x1) (1)
- 2.4.3 Haal aan uit die uittreksel wat toon dat Suid-Afrika 'n verskeidenheid minerale besit. (1x2) (2)



- 2.4.4 Noem EEN maatskappy wat in die uittreksel genoem word wat poste moes sny om koste te verlaag. (1x1) (1)
- 2.4.5 Verduidelik die groot afname in mineraalverkope in 2020. (2x2) (4)
- 2.4.6 Bespreek DRIE faktore wat mynbou in Suid-Afrika belemmer. (3x2) (6)

(15)

2.5 Verwys na die Giba Sakesentrum in die Durban-Pinetown nywerheidsgebied hieronder.

	<p>Beide die N3 en die N2 is deel van die opgraderingsprojek van R20 miljard oor agt jaar deur Sanral. Dit vorm deel van die nasionale regering se Strategiese Geïntegreerde Projekte, SIP2: Durban-Vrystaat-Gauteng Logistiek en Nywerheidskorridor.</p>
<p>Die R1,9-miljard Giba Sakesentrum in Durban sal nie net honderde korttermyn- en permanente poste skep nie, maar ook die groter eThekweni-streek se BBP betekenisvol verhoog.</p> <p>Die Giba Sakesentrum is strategies geleë langs die besige Durban-Gauteng-korridor. Dit bied maklike toegang tot alle belangrike nasionale snelweë. Die N3, N2 en M7 wisselaars is almal minder as 10 km ver, wat toegang tot beide noordwaartse en suidwaartse roetes bied. Die Giba Sakesentrum bestaan uit 22 terreine wat toegewy is aan ligte nywerhede, pakhuse en die verwante logistieke sektore.</p>	<p>SIP2 het ten doel om die logistieke en vervoer-korridor tussen Suid-Afrika se hoof nywerheidshubs te versterk, toegang tot Durban se uitvoer- en invoerfasiliteite te verbeter en doeltreffendheid langs die korridor te verhoog.</p> <p>Dit word verwag om ongeveer R15 miljard se belegging oor die volgende 10 tot 15 jaar te genereer, en dit sal langtermyn werk verskaf aan 4,661 lede van die plaaslike gemeenskap.</p>

[Bron aangepas vanuit: <https://kznindustrialnews.co.za/>]

- 2.5.1 Hoe ver is die drie hoofsnelweë vanaf die Giba Sakesentrum? (1x1) (1)
- 2.5.2 Hoeveel geld word verwag om in hierdie sakesentrum belê te word? (1x1) (1)
- 2.5.3 Hoeveel werksgeleenthede sal vir die plaaslike gemeenskap geskep word? (1x1) (1)
- 2.5.4 Waarom kan die ligging van die Giba Sakesentrum, volgens die uittreksel as gunstig beskou word? (2x2) (4)
- 2.5.5 In 'n **paragraaf van 8 tot 10 reëls** bespreek die bydrae van die Giba Sakesentrum in Durban tot die Durban-Pinetown nywerheidsgebied. (4x2) (8)

(15)

TOTAAL VRAAG 2: [60]

TOTAAL AFDELING A: [120]

AFDELING B

Verwys na die 1:50 000 topografiese kaart-uittreksel van **2929BB & 2930AA MOOIRIVIER** asook na die 1:10 000 ortofotokaart **2929 BB & 2930 AA 16 MOOIRIVIER** wat 'n gedeelte van die topografiese kaartarea voorstel.

VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

3.1 KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE

Verwys na die topografiese kaart en die ortofotokaart. Kies die korrekte antwoord en skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommers.

3.1.1 Mooirivier is in ... geleë.

- A KwaZulu-Natal middeland
- B KwaZulu-Natal kusgebied
- C Noord-KwaZulu-Natal
- D KwaZulu-Natal Drakensberge (1x1) (1)

3.1.2 Die N3 snelweg verbind ...

- A Johannesburg en Durban.
- B Richardsbaai en Durban.
- C Durban en Newcastle.
- D Durban en Gqeberha (Port Elizabeth). (1x1) (1)

3.1.3 Gee die kaartverwysingsnommer (indeksnommer) van die topografiese kaart noord van Mooirivier (2930AA). (1x2) (2)

3.1.4 Bereken die hoogteverskil tussen die trigonometriese baken $\Delta 133$ (blok **A3**) en kolhoogte 1477 (blok **A1**) op die topografiese kaart. (2x1) (2)

3.1.5 Bereken die lengte (in meter) van die landingstrook in blok **C2** op die topografiese kaart. (3x1) (3)


3.1.6 Kies die regte opsie. Wat is die rigting van die landingstrook?
Wes-Noordwes/Oos-Suidoos **of** Oos-Noordoos/Wes-Suidwes (1x1) (1)

(10)

3.2 KAART INTERPRETASIE

- 3.2.1 a) Identifiseer die omgewingsgevaar/risiko in die bebosde gebied op die topografiese kaart in blok **A3 - A4**, wat hierdie gebied kan bedreig. (1x1) (1)
- b) Watter voorsorgmaatreëls is ingestel om die impak van die gevaar wat in VRAAG 3.2.1 a) geïdentifiseer is, te beperk? (1x1) (1)
- 3.2.2 Waarom kan die kenmerk by **F** in blok **D4** op die topografiese kaart as 'n tersiêre aktiwiteit beskou word? (1x1) (1)
- 3.2.3 Noem die TWEE hooftipes boerdery in die Mooirivier-gebied. (2x1) (2)
- 3.2.4 a) Identifiseer die grondgebruiksone wat oorwegend in blok **C2** op die topografiese kaart aangetref word. (1x1) (1)
- b) Gee 'n bewys om jou antwoord op VRAAG 3.2.4 a) te ondersteun. (1x2) (2)
- 3.2.5 Wat is die doel van die kenmerk gemerk **6** op die ortofotokaart langs die N3 nasionale snelweg? (1x2) (2)
- 3.2.6 Is die residensiële area Bruntville (nommer **9**) op die ortofotokaart 'n informele of 'n lae-inkomste residensiële area? (1x1) (1)
- 3.2.7 Noem EEN fisiese faktor wat die straatpatroon in Bruntville bepaal het. (1x1) (1)
- (12)**

3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)



[Bron: <https://www.linkedin.com/pulse/gis-market-2023-2029-latest-industry-scope-nilam-jadhav-xmtgf/>]

- 3.3.1 Identifiseer komponente **A** en **B**. (2x1) (2)
- 3.3.2 a) Deur watter proses word komponent **C** verkry? (1x1) (1)
- b) Definieer die proses wat in VRAAG 3.3.2 a) geïdentifiseer is. (1x2) (2)
- 3.3.3 Noem die proses wat gebruik word om 'n gebied af te baken. (1x1) (1)
- 3.3.4 Gee TWEE voordele wat boere wat hommeltuie (drones) gebruik om data oor gewasgesondheid, omgewingsvoorwaardes en veldvariasies in te samel, het teenoor boere wat nie hommeltuie gebruik nie. (2x1) (2)

(8)

TOTAAL VRAAG 3: [30]

TOTAAL AFDELING B: [30]

GROOTTOTAAL: [150]



ROFWERK

ENIGE WERK WAT OP HIERDIE BLADSY GEDOEN IS, WORD NIE GEMERK NIE.